# Tjokkie WEEKBLAD

UNIVERSITAS
NET MY BESTE

22 Mei 2026 Uitgawe: 6/2/2026

## UIT DIE KANTOOR

Hierdie week het die laaste netballiga-wedstryde plaasgevind. Dit was ook die laaste deel van die Wesgrow-liga. Sommige ander skole speel wel nog volgende week hul laaste wedstryde. Let wel, aangesien die rugby nie aan ‘n amptelike stadsliga deelneem nie, sal wedstryde wat uitgereën het teen Pres. Brand en Jim Fouché Primêre Skool nie ingehaal word nie. Slegs enkele spanne speel nog eerskomende Maandag teen Grey Kollege. Die senior netbalspanne staan egter nog ‘n kans vir uitspeelwedstryde wat op 29 Mei sal plaasvind.

Direk na afloop van die rugby- en netbalseisoen sal daar oorgegaan word na hokkie. Proewe vir die senior spanne is reeds afgehandel. Vandag vind die proewe vir o/10 & o/11 plaas. Die proewe vir die o/7 - o/9 spelers sal 8 – 11 Junie plaasvind.

**Kultuur:**

Hierdie was die eerste week van die Kunswedstryd. Baie geluk aan ons leerders en spreekkore wat reeds deelgeneem en puik simbole behaal het. Ons is trots op elke Tjokkie-leerder wat ook op kultuurvlak die skool verteenwoordig het.

Op Donderdag, 28 Mei neem ons senior koor deel aan die jaarlikse ATKV Applouskompetisie. Dit is ‘n landswye kompetisie wat in verskillende kategorieë plaasvind. Ons hou styf duimvas vir ons koor wat vanjaar reeds vir die derde jaar aan hierdie kompetisie deelneem.

**TiC**

Aangeheg ‘n dokument waarin die TREE-span terugvoer gee rakende hul betrokkenheid en die verskeie inisiatiewe wat gedurende die kwartaal plaasgevind het. Ons doel hiermee is nie net om te kommunikeer wat alles gebeur het nie, maar ook om die impak en getrouheid van God binne die skoolomgewing te vier.

**Laatkommery**

Met die kouer oggende raak dit natuurlik moeiliker om vroeg op te staan, maar ongelukkig sien ons tans ’n toename in laatkommery. Ons vra dat ouers asseblief moeite sal doen om toe te sien dat leerders betyds by die skool aanmeld. Klasse begin stiptelik om 07:30 en waardevolle onderrigtyd gaan verlore wanneer leerders laat arriveer.


**Jeugwerker**

Let asb. daarop dat ds. Thania vir die volgende 2 weke met verlof is. Dit is deurgegee aan die ouers wat reeds by haar betrokke is. Indien daar ernstige gevalle ontstaan waar haar leiding benodig word, kontak gerus die kantoor.

## BELANGRIKE DATUMS

| | |
|---|---|
| 22 Mei: | Leerderraad uistappie |
| | o/10 & o/11 Hokkieproewe |
| 23 Mei: | PEP Mini-Netbal @ Onze Rust |
| | Nautilus 2 |
| 25 Mei: | Rugbyliga @ Grey Kollege |
| 26 Mei: | Gr. 6/7 Bingo-aand |
| 28 Mei: | ATKV Applouskompetisie |
| 29 Mei: | O/12 & O/13 Netbaluitspele |

## VERJAARSDAE



29 Mei: Juf. Sulene Venter (Gr.1)

Goeie nuus vir kinders

ROMEINE 1:16 DB

[16] Ek is glad nie skaam om die goeie nuus oor Jesus Christus bekend te maak nie. God se groot krag is aan die werk op elke plek waar hierdie boodskap verkondig word. Hy red elkeen wat dit glo...

As daar nou een wonderkuur vir ‘n siek en gebroke wêreld is, dan is dit die "gos-pil".

Jesus is die antwoord en die weg en die waarheid en die lewe.

Ons verantwoordelikheid as ouers is nie net om die Goeie Nuus met ons kinders te deel en dit uit te leef nie, maar ook om hulle te leer om die Goeie Nuus met ander te deel. Hoe anders sal die lewe lyk as maats en hul gesinne vir Christus gewen word...?

Romeine 6:23 DB

[23] Ek sê weer: as ’n mens jou hele lewe lank vir die sonde werk, is die dood jou beloning. So eenvoudig is dit. God gee egter aan ons die ewige lewe verniet. Dit is sy geskenk aan ons wanneer ons in Christus Jesus as ons Here glo.

Die Goeie Nuus verduidelik met behulp van **5 vingers**:

**Duim** (God se liefde): God het jou gemaak en Hy is baie lief vir jou.

**Wysvinger** (Sonde): Ons almal sê, dink of doen verkeerde dinge. Sonde skei ons van God en bring dood.

**Middelvinger** (Jesus): God se Seun, Jesus, betaal die prys vir al ons verkeerde dinge deur aan ‘n kruis te sterf.

**Ringvinger** (Geloof): Elkeen wat glo dat Jesus vir hulle sonde betaal het, word nou ‘n kind van God.

**Pinkie** (Ewige lewe). Wanneer ons Jesus die Koning van ons lewe maak, ontvang ons die beste geskenk: ewige lewe saam met God. Ons lewe begin nou alreeds anders lyk.

LUKAS18:16 AFR83

[16] Maar Jesus het die kindertjies nader geroep en gesê: “Laat die kindertjies na My toe kom en moet hulle nie verhinder nie, want die koninkryk van God is juis vir mense soos hulle.”

ESTD THE 2008
ROSENDAL
COUNTRY RETREAT

# THE PERFECT PLACE TO CELEBRATE YOUR LOVE STORY!

We offer an authentic country experience with an emphasis on beauty and simplicity, from our architectural design to the food we serve. Our mission is to delight each guest with thoughtful touches and pleasant surprises throughout their stay. Experience a weekend of joyous celebration surrounded by the warmth of family and friends!




On-site, we can accommodate 34 guests, while the town of Rosendal offers over 30 guesthouses, all within walking distance of The Rosendal Country Retreat, ready to welcome the rest of your party.

CONTACT US ON: WEDDINGS@THEROSENDAL.CO.ZA


EG
Vrouwees
Sop & Sjerrie
Aand
'n Aand van warmte,
saamkuier en inspirasie
Vrydag,
29 Mei
18:00
Gasspreker:
Jeanine Theron
R100
per persoon
RSVP teen 27 Mei by
Elmien: 081 828 9536
Geloofsentrum
CENTRE OF FAITH
60 jaar van genade







Sien skakel aangeheg vir die advertensieblad.